UITGAWE 13 | JAARGANG 22 | 16 AUGUSTUS 2024

# VRY POS

LOER | LEES | LUISTER | LEER

## KONINKRYKSTYD

NG Kerk Vrystaat

# INHOUD


**03 VRYPOS-FOKUS**

VISIONERING
**Taakspan Vrouebediening** | *Ek is deel van God se storie. Vrystaat Vroue-retreat, 9 - 11 Augustus*

**05 ARTIKELS**

05 | VENNOTE IN GETUIENIS
**Sendingkonferensie** | *'n Venster op God se wêreld: Missio Dei - God se sending*

06 | VENNOTE IN GETUIENIS
**Werkgroep vir Islam** | *Die voorwaardelikheid van Allah se liefde maak die inkarnasie ondenkbaar vir Moslems*

07 | BEDIENINGSBEGELEIDING
**Navorsings Netwerk** | *Saam verstaan ons CLS-Resultate*

08 | AFRIKA-EKUMENE
**Getuienisaksie** | *Om as Japannees oor die drumpel van 'n kerk te stap*

09 | AFRIKA-EKUMENE
**Getuienisaksie** | *"Hy laat armes uit die stof opstaan" Mxolisi se storie*

10 | ALGEMEEN
**Orgaanskenking** | *Red 'n lewe!*

11 | ALGEMEEN
**Vrouemaand** | *Skoonma's en skoondogters*

**13 VERBI DIVINI MINISTER**

EREDIENS NETWERK
**Martin Laubscher** | *Stil manne, hier kom 'n vrou verby!*

**14 CLARENS HERMITAGE**

LEIERSKAP NETWERK | *Bespreek vandag!*

**15 DIS 'N RING-DING**

RING VAN WATERBRON | *'n Hart vir ons gebroke kinders*

**17 UIT DIE FAKULTEIT**

FAKULTEIT TEOLOGIE EN RELIGIE (UV)
**Henco van der Westhuizen** | *2025 - 'n Ekumeniese Jaar*

**18 MEDIATEEK**

BOEK EN INVENTARIS
**Hassa Musa** | ***Reading the Bible Anew:*** *An Introduction to the Multidimensionality of Biblical Hermeneutics for African Contexts*

**19 EKOLOGIE**

Vrouemaand | *Super-ma's is nie perfek nie*

**20 VERJAARSDAE**

**21 AKTUEEL ALGEMEEN**

21 | Deon Loots - *CLF Boekreeks Dissipelskap*
23 | 1824-Herdenking: *'n Uitnodiging aan gemeentes*
24 | Advertensies

**25 OPLEIDING**

**27 NUUSBRIEWE**
**PUBLIKASIES**
**BROKKIES UIT KERKBODE**

**28 WAT'S NUUS?**
**KALENDER**
**VAKATURES**
**AFLOSLERAARS**

**29 'N LAASTE GEDAGTE**

Leon M Foot | *Opstaan*

**30 KONTAK ONS**

# REDAKTEUR

## FOTO'S

Canva | Unsplash
Flickr | Pexels | Pixton
Tensy anders vermeld

## ARTIKELSKRYWERS

Elize Nel | Mariëtte Odendaal
Enrico Casaleggio | Marelize
Maritz | Martin Laubscher
Henco van der Westhuizen
Leon M Foot | *LiG*
*VrydagNuus*, Kaapkerk
*Bybel-Media* | *CLF* | *Kerkbode*
*Bybelgenootskap SA* | *TOIBO*

---

## KONINKRYKSTYD

'n Tyd waar ons fokus op die heerskappy en vestiging van God se koninkryk hier op aarde.

**Fil 1:27** | *Hoofsaak is dat julle lewenswandel in ooreenstemming met die evangelie van Christus moet wees. As ek dan kom, sal ek self sien, of as ek nie kan kom nie, sal ek deur berigte hoor dat julle in volkome eensgesindheid standvastig saamstry vir die geloof in die evangelie ...*

## DAGBOEK DÍT

**Ringskommissie werkswinkel & VBO vir Predikante**
*Neem, lees ...*
*Die Bybel, koerant & natuur*
2- 4 Sept | Moolmanshoek

## VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* verskyn op **Vrydag 30 Augustus**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.


BYDRAES EN NAVRAE
cmclean@ngkvs.co.za

## CELICIA MCLEAN


ngkerkvrystaat.co.za





*Foto (verskaf):* ***Vrystaat-vroue***

# Ek is deel van **God se storie**

## *Vrystaat Vroue-retreat, 9-11 Augustus*

*Deur ds Elize Nel*

*"Asem die Woord van God in en asem jou sorge en kommer uit."*

Asem in ... asem uit ... Asem die kraakvars Vrystaat-lug in, asem jou besige lewe uit. Asem die natuurskoon in en asem jou besige gedagtes uit. Asem die Woord van God in en asem jou sorge en kommer uit. Só het Magdaleen du Toit, spirituele begeleier en sameroeper van die Spiritualiteit Netwerk (Bedieningsbegeleiding) ons die naweek in gelei: Twintig vroue, waarvan sommiges op grondpaaie verdwaal het, om hier op Moolmanshoek naby Ficksburg te kom asemhaal. Kom stil word. Kom hoor hoe jy deel van God se storie is. Met 'n aandwyding het ons klompie om 'n kaggel stil geword met Woord en sang. Waar Nicolene Gibbons, klavierdosent aan die Vrystaatse Universiteit wat voorheen in Engeland gestudeer en gewerk het, ons gelei het in asemhalingsoefeninge en sang. Ons het musiek ingeasem en uitgeasem. In kanons gesing. Met fluit en klavier het Nicolene ons in musiek-asemteue ingelei, elke oggend en elke aand. Asem musieknote in en asem musieknote uit.

Ons het na drie besonderse vroue in die Bybel gekyk die naweek. Die vrou van Spreuke 31, en Marta en Maria van Lukas 10. Ons het saam gedink oor hierdie vroue en besef ons almal voel ons skiet tekort in vergelyking met mev Spreuke 31. Tog bewonder ons haar, maar besef ook ons gaan deur verskillende seisoene in ons lewens. Tydens hierdie seisoene het ons sekere eienskappe van mev Spreuke, nie noodwendig al die eienskappe op een slag nie. Ons almal glo ons moet 'n Marta wees in ons huise, vir ons kinders, mans en by ons werk. Tog is dit noodsaaklik dat ons as vroue ook Maria sal wees en net stil by Jesus se voete sal sit. Eintlik dat ons 'n balans sal vind. Anders gaan ons dalk ook aan planke kou soos vroue voor ons.

Magdaleen het met haar unieke rustigheid vir ons kom lei om ons eie stories te herontdek. Die goed en die sleg, ja. Ons moes diep delf.

**Lees meer »**

NG Kerk
Vrystaat

*Lig in die duisternis, hier vir God, mekaar en die wêreld*

# BUITENGEWONE SINODESITTING 2024

**KOPANO NOKENG** | BLOEMFONTEIN

**REGISTREER HIER** »

**3 Oktober 2024**

# Sendingkonferensie
## 'n Venster op God se wêreld

## *Missio Dei – God se sending*

**Afrika-Ekumene**
*Deur Mariëtte Odendaal*



***Foto:*** *Dr Stéphan van der Watt (verskaf)*

"Hierdie RCJ vredesverklaring is ook aan die Japannese regering uitgereik. Dit lui: 'Ons staan vir vrede en ons wil hê julle moet vir vrede staan soos wat julle 80 jaar gelede in die grondwet verklaar het.' Die RCJ doen dit nie vanuit 'n magsposisie nie, maar as minderheidsgroep vanuit 'n randposisie; ons doen dit met dapper nederigheid.

"Dit het alles te make met die *missio Dei*; dis God se vrede. Dis die geregtigheid van God wat moet seëvier. Ons is as sy bedienaars van vrede en versoening geroep."

***Dr Stéphan van der Watt***
***Reformed Church in Japan (RCJ)***

"Die afgelope tyd is daar baie oor missionale kerkwees en missionale gemeentes gepraat. As gevolg van baie gesprekke het ons besluit om die lig so 'n bietjie op die praktyk van ons getuienistaak in die wêreld te laat val."

"Vanaf Vrydagaand 12 Julie tot Saterdag 13 Julie is daar 'n baie geseënde Sendingkonferensie by die NG Gemeente Pellissier in Bloemfontein aangebied," vertel dr Nico Mostert, direkteur van Vennote in Getuienis van die NG Kerk Vrystaat.

"Die tema van die konferensie was *'n Venster op God se Wêreld*. Drie sprekers is genooi om vir ons die venster op hierdie onderwerp te kom help oopmaak; mense met jarelange ondervinding in die praktyk van getuienis in God se wêreld.

"Hulle was Mike Burnard (konsultant van dia-LOGOS) wat **sessie een** aangebied het, dr Stéphan van der Watt (Missie Japan) wat verantwoordelik was vir die aanbieding van sessie twee, en laastens ekself wat die derde sessie aangebied het."

**Missiologie of *missio Dei* – God se sending**


**Lees meer »**

**Werkgroep vir Islam**
*Deur dr Enrico Casaleggio*

# Islam-reeks

## *Die voorwaardelikheid van Allah se liefde maak die inkarnasie ondenkbaar vir Moslems*





***Foto's:*** *Canva*

Ons het al na 'n paar redes gekyk oor hoekom Moslems nie die inkarnasie van Jesus – dat Hy wat van ewigheid af God is, kon mens word en aan 'n kruis kom sterf het in ons plek – kan aanvaar nie. Ons het ook na 'n paar maniere gekyk waarop ons sinvol op hierdie besware van hulle kan reageer.

Vanuit 'n Christelike perspektief gesien, is dit eintlik baie eenvoudig hoekom dit in Islam nie sin maak dat God hierdie wêreld sou betree om te sterf vir sondaars nie. Die rede is onder andere dat Allah se geregtigheid, liefde, genade en barmhartigheid beperk, onvolmaak en totaal voorwaardelik is. Wat sê die Koran oor die liefde van Allah?

Ons kyk net na enkele tekste uit die Koran wat hierdie feit onderstreep:

Sura 2:190: *Allah het geen liefde vir oortreders nie.*

Sura 2:276: *Allah hou nie van enige ondankbare kwaaddoener nie.*

Sura 3:32: *Gehoorsaam Allah en Sy boodskapper. As hulle steeds wegdraai, dan hou Allah waarlik nie van die ongelowiges nie.*

Sura 3:57: *Dié wat glo en goed doen, hulle sal ten volle beloon word. En Allah het geen liefde vir kwaaddoeners nie.*

Sura 4:36: *Allah het geen liefde vir diegene wat selfbedrog pleeg en grootpraterig is nie.*

Sura 7:31: *Allah het nie dié lief wat uitspattig leef nie.*

Sura 8:58: *Waarlik, Allah het geen verraaier lief nie.*

Sura 28:77: *Allah het geen liefde vir die korrupte wat onheil bewerk nie.*

Sura 57:23: *Allah het geen liefde vir dié wat arrogant en grootpraterig is nie.*

Die god van die Koran en Mohammad is net lief vir dié wat hom eerste liefgehad het. Allah het geen liefde vir opstandige sondaars nie.

**Lees meer »**

# SAAM VERSTAAN ONS **CLS-RESULTATE**

**"CLS-resultate gee die stem van die lidmate se wense, behoeftes en hul identifisering van moontlike leemtes."**

**Navorsing Netwerk**
*Deur dr Marelize Maritz*

Dis 'n koue Saterdag op die Goudveld terwyl 'n klompie leiers hulle plekke inneem rondom tafels in die konsistorie van Riebeeckstad. Hulle is hier om, as gemeentes, met die CLS-resultate van hulle gemeentes te werk. Prof Kobus Schoeman en dr Lourens Bosman van die Taakspan Navorsing verduidelik hoe die inligting gegroepeer word in uitstaande kenmerke van die gemeente, maar ook watter temas as minder belangrik in die gemeentes geag word. Die belangrikste is om die inligting te balanseer en met mekaar te vergelyk, sonder om lukraak eensydige afleidings te maak.

Gemeentes wat byvoorbeeld nie die behoefte aan kinderbediening hoog aanslaan nie, moet dit saamlees met die feit dat hulle min kinders en 'n gemiddelde ouderdom van 64 jaar in die gemeente het.

Daar is in hulle geval niks verkeerd met 'n gebrekkige behoefte aan kinderbediening nie – want daar is nie kinders nie. Sien liewer raak dat dit 'n ouerwordende gemeente is en dink hoe julle dit gaan bestuur.

**Lees meer »**



# **Om as Japannees** oor die drumpel van 'n kerk te stap

**Getuienisaksie**
*Oorgeneem uit VrydagNuus, Kaapkerk*

***"Alhoewel ek senuweeagtig was, is ek hartlik verwelkom en het ek 'n wonderlike tyd beleef."***

"My naam is Megumi T, en ek het gister die kerkdiens bygewoon." So skryf 'n Japannese vrou verlede week aan ds Tobie de Wet, wat weer onlangs saam met sy vrou Annalie geroep is om in diens van **Missie Japan** daar te gaan bedien.

Megumi se boodskap lui verder: "Alhoewel ek senuweeagtig was, is ek hartlik verwelkom en het ek 'n wonderlike tyd beleef. Weens my werk en my kinders se lesse kan ek nie elke sessie bywoon nie, maar ek sal die kerk besoek wanneer ek tyd het. Ek bestudeer ook die Bybel en hoop om eendag gedoop te word sodat ek nader aan God kan voel. Weer eens baie dankie."

Vir ons as Christene wat ons geloof met moedersmelk ingekry het, klink hierdie boodskap dalk na 'n doodgewone paragraaf, maar hierdie woorde kom van iemand wat 'n aardsverskuiwende besluit geneem het.

Tobie verduidelik: "Alleen-sendelinge wat in 'n land en kultuur soos Japan werk, weet wat dit regtig beteken wanneer iemand vir die eerste keer oor die drumpel van 'n kerk tree en 'n erediens bywoon. Dit alleen is 'n wonderwerk wat sendelinge nie gereeld beleef nie, dalk weinig of selfs nooit ..."

**Lees meer »**

***Foto's:*** *Canva*






# "Hy laat armes uit die stof opstaan"
## *Mxolisi se storie*

Onderwysers kan 'n kind maak of breek. As jy egter jou klaskamer as die plek beskou wat Christus aan jou toevertrou het om heel te maak, op te hef en kinders in hulself te laat glo en te bemagtig, is dit nie net tot groot seën vir daardie kind nie, maar ook vir sy of haar hele gemeenskap, ons mooi land en ook uiteindelik vir die hele wêreld. As so 'n onderwyseres dan uit die bloute 'n boodskappie ontvang om te laat weet: ek het dit gemaak, wil jou hart bars van vreugde! Dít is die storie van Mxolisi Ndlovu ...

**Getuienisaksie**
*Oorgeneem uit VrydagNuus, Kaapkerk*



***Foto's:** Verskaf*

"Thank you, Ma'am, for everything you did for me while I was still at Langelihle High School. Your support, both physical and emotional, especially after the passing of my grandmother in 2021, meant so much to me. Even though things seem difficult at home, I want to express my heartfelt gratitude to you and your husband. Please convey my thanks to him as well as for everything you both have done for me. I'm currently at the **University KwaZulu Natal Westville Campus**, doing my first year in the Bachelor of Physiotherapy programme."

Dit is die WhatsApp-boodskap wat Jeanne van der Westhuizen, wiskunde-onderwyseres van die Hoërskool Langelihle (*mooi son*), gisteraand onverwags van haar oud-leerling, Mxolisi Ndlovu, ontvang het. Jeanne is ook die vrou van ds Louwrens van der Westhuizen wat saam met hom die VGK Makhathini in KwaZulu-Natal bedien.

**Lees meer** »

# VROUEMAAND
## Skoonma's en skoondogters

**Algemeen**
*Deur Mariëtte Odendaal*

***Foto's:** Canva*



Het jy al ooit gewonder waar die ronde, plomp kaktus met die geniepsige dorings reg rondom die naam 'skoonma-se-stoel' vandaan kry, of waar die lang, lenige blare met hul skerp puntjies aan die naam 'skoonma-se-tong' kom?

As jy self 'n skoonma word, raak jy nogal sensitief oor dié benaminge en veral oor die mag der menigte grappies oor skoonma's. Jy begin selfs wonder waarom dit nog enigsins in die volksmond bestaan en of ons darem nie mettertyd – na albei kante toe – meer beskaafd geraak het nie.

En dan is daar sowaar nog dislojale vroue wat skoonma-se-stoel in hul tuine plant en skoonma-se-tong as potplante op hul sonnige winterstoepe troetel waar hulle liefdevol aan hul kleinkindertjies se truitjies sit en brei!

Of wag ... dalk is dit hul skoondogters wat die plantjies as verjaarsdaggeskenke aan hul skoonma's gegee het!



Van kleins af sien jy al hoe maklik skoonma's en skoondogters, en ook sommer skoonsusters, 'n hele familie kan verwoes – totaal onnodig.

Jy het toe al besluit: Dis nou sommer nonsens dié; 'n mens kort nét een persoon om 'n verhouding te laat werk. En dis 'n kopbesluit.

Met die eerste kuier as meisie van jou geliefde by die toekomstige skoonmense kry jy raakpunte met jou toekomstige skoonma. Jy stel belang in haar lewe, help met kosmaak en skottelgoed in die kombuis en deel jou eie stories.

Mettertyd vind jy uit sy is net 'n gewone mens en die vrou wat jou geliefde grootgemaak het. Sy sal waarskynlik nooit jou eie ma vervang nie, maar sy gaan jou help om jou man beter te verstaan en indirek 'n seën vir jou huwelik te wees.

**Lees meer »**



**Foto:** *Canva*

# **Orgaanskenking** – red 'n lewe!

## *Augustusmaand is nie net Vrouemaand nie,* maar ook **Orgaanskenkingsmaand.**

**Algemeen**
*Deur Mariëtte Odendaal*

*"Teen die tyd dat my dokter verklaar het ek is terminaal siek, hy kan niks meer vir my chroniese lewersklerose doen nie, was my lewensgehalte reeds daarmee heen ..." vertel Tersia Smit in 'n artikel in Maroela Media. Nege weke later was 'n 16-jarige meisie se lewer, danksy orgaanskenking, vir haar beskikbaar vir 'n oorplantingsoperasie die volgende dag.*

**Lees Tersia se verhaal hier**

Ons hoor op Radio Sonder Grense (RSG) dat daar sowat 4 300 kinders en volwassenes in Suid-Afrika op die waglys is vir orgaan- en kornea-oorplantings.

Volgens die **Southern African Transplantation Society** was daar verlede jaar slegs 573 orgaan- en kornea-oorplantings in die land. Die vereniging se vorige president en 'n oorplantingchirurg, **dr Elmi Muller**, sê daar is verskeie organe in 'n persoon se liggaam wat geskik is vir skenking en oorplanting. Sy sê deesdae word daar ook baie organe van mense bo die ouderdom van 60 gebruik vir oorplantings. Luister gerus na die onderhoud met dr Muller **hier**.

Die Orgaanskenkerstigting of ***Organ Donor Foundation*** (ODF) in Suid-Afrika is 'n nasionale nie-winsgewende en openbare welsynsorganisasie wat in 1988 gestig is. Hulle doel is om die kritieke tekort aan orgaan- en weefsel-skenkers in Suid-Afrika aan te spreek deur bewusmakings- en opvoedings-veldtogte wat op die publiek en mediese beroepslui gemik is.

**Jy kan as orgaanskenker tot 7 mense se lewens red en nog 50 mense help!**

Die volgende organe, naamlik jou hart, longe, niere, lewer, pankreas en dunderm, kan elkeen afsonderlik gebruik word en sewe mense se lewens red.

**Lees meer »**







mission ミッション missie
JAPAN

**GEDRING DEUR CHRISTUS SE LIEFDE OM BRUGBOUERS TE WEES IN JAPAN**

www.missiejapan.co.za

# NG Kerk Vrystaat verwelkom Missie Japan in Suid Afrika 24 Mei 2024 - 7 September 2024

## 'n Woord van Dank
感謝の一言

Missie Japan is 'n vrywillige geloofsaksie en die werk in Japan bly ten volle afhanklik van jou ondersteuning. Ons waardeer opreg elkeen se gebede, meelewing en betrokkenheid by ons.

**Ons verkondig nie onsself nie maar, Jesus Christus as die Here, en onsself as julle dienaars ter wille van Jesus"**

2 Korintiërs 4:5

## Missie Japan Bankbesonderhede
ミッション・ジャパンの銀行口座

**Rekeningnaam | Missie Japan**
**Bank | ABSA**
**Takkode | 632005**
**Rekeningnommer | 4049690248**
**Verwysing | Eie Naam en Van**

## Kontak ons Medewerkers
宣教師へのお問い合わせ

**Stéphan**
jsvdwatt@gmail.com
**Carina**
cvdwatt@gmail.com

**Tobie**
tobiedewet@hotmail.com
**Annalie**
annaliedewet1@gmail.com

mission ミッション missie
JAPAN

www.missiejapan.co.za



# STIL MANNE, *hier kom 'n vrou verby!*

*Deur **dr Martin Laubscher**, Erediens Netwerk*

Onlangs begin ek weer lees aan die boek Rut, en sommer reg aan die begin staan dit soos 'n paal bo water: Die fokus is nie op die sterk manne (groot regerings en ander maghebbers) nie, maar op 'n familie se stryd om oorlewing, en veral hul ironiese soeke om (weer) die Huis van Brood te vind. Hierdie stryd ken letterlik en figuurlik geen grense nie. Meer nog, die fokus is nie soseer op jou tipiese geïdealiseerde vertoon van familie nie, maar eintlik op die "saamgestelde" veerkragtigheid en die "optel"-geloof van weerlose immigrantevroue wat saam loop en in ons midde kom staan. Teenstrydig met alle natuurlike verwagtinge tree transendensie na vore. Hierdie verhaal bly resoneer met ons nog lank vóór en ná die afgelope vrouenaweek en -maand.

Reeds in die eerste vyf verse ontplooi hierdie lyn van vertelling op dramatiese wyse. Veelseggend en heilspellend hoor ons reg aan die begin die name van die manne in hierdie verhaal – waarskynlik net nog 'n verdere aanduiding dat ons hier meer met verhaal as met geskiedenis te make het.

Hier hoor ons van 'n ander stel feite en waarhede wat van iets dieper wil getuig. Die pa heet Elimelek, wat beteken "God is Koning", maar die twee seuns ken ons as Maglon en Kiljon, wat onderskeidelik sinspeel op "siekte" en "vermorsing". Nood en lyding is beslis Naomi (en Rut, die hoofkarakter wat nog kom) se voorland, maar reeds uit die staanspoor is daar 'n aanduiding van wat haar man se naam vir haar en haar vreemde skoondogter vorentoe sal beteken. Vir tyd en wyl is sy nog "aangenaam", maar binnekort gaan die wiel draai, sodat haar reis as verbitterde vrou na vore gaan tree. En dit gebeur soos die manne in hul lewens vroeg uit die prentjie wegval (vers drie en vyf).



***Foto:*** *Dr Martin Laubscher (verskaf)*

**Lees meer »**

# CLARENS HERMITAGE

## LEIERSKAP NETWERK




**Ds Jan Venter** | Leierskap Netwerk

"Clarens se weergalose stilte omvou 'n mens in die nag sodat die dag se ervarings diep gebêre word en 'n mens se siel kan rus."

PSALM 34:8 "TASTE AND SEE THAT THE LORD IS GOOD; BLESSED IS THE ONE WHO TAKES REFUGE IN HIM."

Clarens HERMITAGE

her·mit·age | 'hər-mə-tij

A place or period of seclusion.

**Bespreek »**

| | |
|---|---|
| **22 - 26** | **SEPTEMBER** |
| **20 - 24** | **OKTOBER** |
| **24 - 28** | **NOVEMBER** |

BEDIENINGSBEGELEIDING

# 'N HART VIR ONS GEBROKE KINDERS

## RING VAN WATERBRON

*Deur **Mariëtte Odendaal***




*Ringe in samewerking met **Sinodale Bedieninge***

*"Dié Ringsprojek dra daartoe by dat hierdie kinders nie net fisies 'n veilige tuiste kry nie, maar ook holisties bedien word. Daar word baie op hul geestelike versorging, pastorale begeleiding en emosionele ondersteuning gefokus. Dit alles is 'n poging om die kinders te begelei na genesing met 'n nuwe uitsig op die toekoms."*

***Ds Johan David***
***Leraar: NG Gemeente BFN-Wes***

Die NG Kerk Vrystaat het in die 2023/24-boekjaar 'n bedrag van R30 000 aan elkeen van die 15 Vrystaatse ringe beskikbaar gestel om gesamentlike ringsprojekte te ondersteun. Die versoek was dat diens in samewerking met 'n sinodale bediening gelewer moes word.

"Wat die Ring van Waterbron betref, is daar by die sinodale bedieninge Bedieningsbegeleiding, Diens van Barmhartigheid en Vennote in Getuienis ingeskakel," vertel Marie Zietsman, ringskriba van die Ring van Waterbron. Hulle ring ondersteun onder andere die bediening van Christelle Trollope, jeugwerker by **Ons Kinder- en Jeugsorgsentrum**, verbonde aan die NG Kerk Bloemfontein-Wes. Ons het meer gaan uitvind by hul leraar, ds Johan David.

**Johan, Christelle doen besondere werk in Bloemfontein. Vertel ons meer daarvan.**

"Ja, Christelle se toegewyde werk is tot groot seën vir baie stukkende mense. Sy bedien tussen 100 en 150 kinders op 'n weeklikse basis. Dit vind gewoonlik in klein groepies van tien tot veertien op 'n slag plaas, maar dan is daar ook individuele kontak met elke kind.

"Ten spyte van die intense seer wat dié kinders al deurgemaak het as gevolg van talle teenslae in hul lewens, was dit in sommige gevalle al Christelle se voorreg om te sien hoe die Heilige Gees in so 'n kinderhart werk.

Lees meer »

**Ringskommissie werkswinkel**
VBO VIR PREDIKANTE

VBO TAAKSPAN

# neem lees

**2 tot 4**
September 2024

**Moolmanshoek** Rosendal-distrik

**BESPREEK VERBLYF** *voor 8 Augustus*
@ **kuratorium@ngkvs.co.za** RSVP

**NAVRAE**
**Ds Cobus Hamman** @ hamman@schoolink.co.za





Aanbieders

LINDIE KOORTS FANIE CRONJÉ

Koerant • Natuur • Bybel

Postgraduate Studies

THEOLOGY AND RELIGION
TEOLOGIE EN RELIGIE

# 2025 - 'n Ekumeniese jaar

Inspiring excellence. Transforming lives.



**Prof Henco van der Westhuizen**
*Dosent in Sistematiese Teologie aan die Universiteit van die Vrystaat*

VISION 130 Renew and Reimagine for 2034 | UNIVERSITY OF THE FREE STATE UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT YUNIVESITHI YA FREISTATA | UFS THEOLOGY AND RELIGION

## 2025 merk 'n Ekumeniese Jaar op die Pelgrimstog van Geregtigheid, Versoening en Eenheid.

Sedert 27 Junie 2016 is die NG Kerk weer 'n volle lid van die Wêreldraad van Kerke; dit nadat die NG Kerk in 1961 besluit het om die bande met die WRK te verbreek.

### Wat is die Wêreldraad van Kerke?

Die Wêreldraad van Kerke is 'n gemeenskap van kerke wat die Here Jesus Christus as God en Verlosser bely volgens die Skrif, en daarom saam hulle gemeenskaplike roeping wil vervul tot eer van die een God, Vader, Seun en Heilige Gees.

Dit is 'n gemeenskap van kerke op die pad na sigbare eenheid in een geloof en een nagmaalsgemeenskap, uitgedruk in aanbidding en in 'n gemeenskaplike lewe in Christus. Dit streef daarna om na hierdie eenheid te vorder, soos Jesus vir sy volgelinge gebid het, "sodat die wêreld kan glo" (Johannes 17:21).

Die **Wêreldraad van Kerke** is die breedste en mees inklusiewe onder die vele georganiseerde uitdrukkings van die moderne ekumeniese beweging, 'n beweging waarvan die doel Christelike eenheid is.

### Die Wêreldraad van Kerke en 'n Ekumeniese Jaar?

Die **Ekumeniese Jaar** vind plaas teen die agtergrond van verskeie herdenkings, waarvan die **Nicaea Belydenis** (325), een van die **drie belydenisskrifte** is wat die NG Kerk saam met die ***Apostoliese Geloofsbelydenis*** en die ***Geloofsbelydenis Athanasius*** onderteken. Daarmee saam is dit die 100ste herdenking van die *Universal Christian Conference on Life and Work in Stockholm* (stigting 1925) die 60ste herdenking van die *Joint Working Group between the WCC and the Roman Catholic Church* (1965); asook die 40ste herdenking van die *South African Kairos Document* – om maar 'n paar op te noem.

Die Ekumeniese Jaar se hoogtepunt is waarskynlik die 6de *World Conference on **Faith and Order***. Daarom dat ons dit goedgedink het om in aanloop tot die sesde *World Conference of Faith and Order* (van 24 tot 28 Oktober 2025 by die Logos Papal Center of the Coptic Orthodox Church, naby Alexandria, Egipte) ...

**Lees meer »**

# MEDIATEEK


# *Reading the Bible anew*


## *An Introduction to the Multidimensionality of Biblical Hermeneutics for African Contexts*

**Hassan Musa** (**Writer**)

*ENGLISH / ACADEMIC & THEOLOGY*

*Reading the Bible Anew: An Introduction to the Multidimensionality of Biblical Hermeneutics for African Contexts by Hassan Musa is a groundbreaking exploration into the field of Biblical hermeneutics from an African perspective. Musa masterfully presents an overview of Biblical interpretation trends, covering both Old and New Testaments, and delves into creative principles for responsible reading. Acknowledging Africa's rich and diverse contexts, Musa brings Western and African voices into a vital dialogue, offering a nuanced hermeneutic approach that respects and reflects the African experience. This book not only clarifies technical terminology for theology students but also introduces and discusses the varied methods of Biblical reading, particularly of the Old Testament. It addresses the complex issue of hermeneutics within African contexts, making it an essential read for students, ordained ministers, and anyone interested in Biblical scholarship. Musa's work is praised for connecting diverse areas of Biblical scholarship and fostering a discourse between African and Western interpretations. Highly recommended, Reading the Bible Anew promises to be a thought-provoking resource that enriches our understanding of Biblical interpretation and its application in African contexts.*




CHRISTIAN LITERATURE FUND PUBLISHERS
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS UITGEWERS

***Oorgeneem uit***
*shop.clf.co.za*

## MEDIATEEK **INVENTARIS**

Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor

Navrae | **Anelia van den Blink**
**(051) 406 6700** of **kuratorium@ngkvs.co.za**



# Vrouemaand

## *Super-ma's is nie perfek nie*

***Oorgeneem by** VrydagNuus, Kaapkerk*

"Ouers, veral ma's, is onder soveel druk om alles perfek te doen, maar dis onmoontlik.

Vroue voel maklik hulle misluk in hul poging om ekologies volhoubaar hul baba groot te maak," sê Marizanne Pfeil-Wessels, lid van Getuienisaksie in die Wes-Kaap se Groenspan en predikant van die NG Kerk De Aar. Sy stel egter voor dat jy klein kan begin deur eers net op een volhoubare aspek te fokus.

Lees meer daaroor HIERONDER.

GETUIENISAKSIE
Eenheidsbediening
• VGKSA Streeksinode Kaapland
• NG Kerk in Suid-Afrika
• Reformed Church in Africa

Lees hier »

# VERJAARSDAE



VEELS geluk

NG Kerk Vrystaat

## AUGUSTUS

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Ds Andries Grobler<br>**STEYNSRUS** | 21 | | 25 | Ds Rikus Hattingh<br>**PELLISSIER** |
| Dr Lyzette Hoffman<br>**UNIVERSITASRIF** | 24 | | 25 | Dr Nico Mostert<br>**SINODALE KERKKANTOOR** |
| Ds Johnny van Zyl<br>**HOBHOUSE** | 24 | | 31 | Mnr CP Prinsloo<br>**MOOIGENOEG KAMPTERREIN** |

**WENSE VAN VOORSPOED, GOD SE SEËNINGE EN GENADE VIR DIE NUWE LEWENSJAAR**

# AKTUEEL EN ALGEMEEN

**Koop dit hier aanlyn**

Hierdie pakket is 'n versameling van Deon Loots se werke oor Dissipelskap.

**Die pakket sluit in:**

- ***Geniet God***
- ***Die stem van die Herder***
- ***Wat die Hart van vol is, en***
- ***In die spore van die Herder***


*Beskikbaar by alle* ***CLF Boekwinkels***




Koop hierdie reeks **vir slegs R999**
*(BTW ingesluit, posgeld uitgesluit, netto prys)*


***Die spesiale aanbod sal geldig wees van 5 - 30 Augustus 2024***









***EKSKLUSIEF***
**Getekende "God se Kinders" kopieë -** ***slegs 1 kopie per taal***
CLF het een getekende kopie deur voormalige Aartsbiskop Desmond Tutu in die volgende tale beskikbaar:
***Afrikaans, Engels, isiXhosa, isiZulu, Sesotho en Setswana***
**Beskikbaar tot 16 Augustus 2024**

**Koop dit hier aanlyn**







CHRISTIAN LITERATURE FUND PUBLISHERS
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS UITGEWERS

# BARMHARTIG-HEIDSMAAND

NG Kerk Vrystaat



"Geseënd is dié wat barmhartig is, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word."

- **Matt 5:7** (AFR83)

"Die Here laat reg geskied aan die weeskind en die weduwee. Hy het die vreemdeling lief en gee vir hom klere."

- **Deut 10:18** (AFR83)

"...Vir sover julle dit aan een van die geringstes van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen."

- **Matt 25:40b** (AFR83)

"Jy het die Here lief met jou hele hart en jou hele siel, met al jou krag en jou hele verstand, deur jou medemens lief te hê soos jouself."

- **Luk 10:27** (AFR83)

Tel: +27 (0) 51 406 6700 | E-pos: dlh@ngkvs.co.za

**KERKWEES 200**

## 1824-HERDENKING | ’n Uitnodiging aan gemeentes

### *Herdenk, hervorm, hoop*

Ons kyk nie net met dankbaarheid terug en is verbind aan ’n helingsproses in ons lande nie; ons leef ook met hoop vir die toekoms. Ons glo en bely dat Jesus Christus die hoop vir die wêreld is, ook in Suider-Afrika. Vir ons gaan hoop nie net om vooruitgang en ’n beter lewe hier en nou nie; vir ons is die kerk ’n eskatologiese gemeenskap op weg na die nuwe Jerusalem wat God belowe het, ’n koninkryk wat Jesus Christus naby gebring het – dít is die boodskap van hoop wat ons wil verkondig.

**Ons nooi julle as medegelowiges, kollegas en gemeentes uit om mee toe doen aan hierdie herdenking van 1824 se “Algemene Kerkvergadering”.**

*Meer besonderhede kan bekom word by* ***kerkwees200@gmail.com***

**Lees hier »**














GEE R14
Snap om donasie te maak
ABSA Bank
Rek no: 470 188 502
Tjek rekening
Takkode: 632005
Verwysing: 1MB14
Besoek
https://clf.co.za/donations/
vir verdere opsies
SnapScan
EFT
vir CLF se BYBELPROJEK wat
14 JAAR
reeds Kinders seën met hul eie
Kinderbybel in hul eie taal
Klik hier »


CLF'S
BOOK CLUB
BOOK A MONTH CLUB
MEMBERS RECEIVE 50% DISCOUNT ON ANY ONE BOOK PURCHASE EACH MONTH
BIBLE STUDY, SPIRITUAL GROWTH, JESUS, DEVOTIONAL, INSPIRATIONAL
info@clf.co.za
021 873 6964
Klik hier »


R20 IS NIE NET
'N PLAKKER NIE,
JOU R20...
BESTEL JOU
Klik hier »


NUUS NEWS
BLOEMNUUS ROLBALDAG
6 SEPTEMBER 2024
13:00
Kom rol vir ENGO
Engo
R1 200 vir
'n span van 4
Klik hier »


Engo
EVOLVE
KWID
Klik hier »


Engo
Lente
GENADEFEES
'n Konsert ten bate van Engo se
Ons Kinder- en Jeugsorgsentrum in Bloemfontein
wat hul 110de verjaarsdag vier!
14 SEPTEMBER 2024
18:30 VIR 19:00
KUNSTENAARS:
KAARTJIES BESKIKBAAR
Klik hier »


BM
Bybel-Media
Klik hier »


Nuwe kinderboek
Aardewurm, Tydboom en die Springmat
Siegfried Louw, Tinus van Zyl en Marileen Steyn
PRYS:
R70
BM
Bybel-Media
www.bybelmedia.org.za
Klik hier »


BM
Bybel-Media
Klik hier »

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE





## EMOSIONEEL VERWONDE PA'S EN HUL KINDERS

20 Augustus

5 VBO-punte

Zoom aanbieding
Prof Wentzel Coetzer

Lees meer +
**Registreer** +




## GELOOFS-VORMING IN ONS GEMEENTES

26 Aug & 2 Sept

20 VBO-punte

Aanlyn webinaar
Fasiliteerder
Dr Tom Smith

Lees meer +
**Registreer** +





## CLS-SA GEMEENTE-PROFIEL

7 September

R120 p/gemeente

Werkswinkel
Prof Kobus Schoeman

Lees meer +
**Registreer** +




## LENTE-KONFERENSIE 2024


17 - 19 September

30 VBO-punte

*Lig soos 'n veer op die Asem van God ...*

Lees meer +
**Registreer** +

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE



## BEDIENINGS-DIAGNOSE WERKSWINKEL

4 - 6 November

20 VBO-punte

Sluit: 25 Oktober
Kursusleier
Prof Malan Nel

Lees meer +
**Registreer** +



## BRUGBEDIENING UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

4 - 7 November

70 VBO-punte

Week 1
Kursusleier
Prof Malan Nel

Lees meer +
**Registreer** +



## JAARKURSUS KINDERS EN JONGMENSE

Pastorale Sorg

55 VBO-punte

Aanlyn kursus
Prof Wentzel Coetzer

Lees meer +
**Registreer** +



## EXCELSUS JAARPROGRAM 2024

2024

VBO-punte

Teken die verskillende kursusse aan

Teken aan +
**VBO-profiel** +

# NUUSBRIEWE EN PUBLIKASIES

NUUSBRIEWE | PUBLIKASIES | BROKKIES UIT KERKBODE



Loer hier na ander sinodalestreke se nuus

## Publikasie

*Praat oor Depressie*

Bybel-Media

*Oorgeneem uit bybelmedia.org.za*

## Publikasie

*Kitaarbegeleiersboek*

Bybel-Media

*Oorgeneem uit bybelmedia.org.za*

## Publikasie

*Stories vir pikkies en peuters*

Bybel-Media

*Oorgeneem uit bybelmedia.org.za*

## BROKKIES UIT kerkbode

**Hóór die profete! Só verloop die eerste Afrikaanse teologiese konferensie oor U2**
*Kerkbode / 18 Augustus 2024 / Artikels*
*Francois Mulder*

**Andrew Kok, ontsluiter van die NG Kerk se geheue, gaan groet**
*Kerkbode / 14 Augustus 2024 / Artikels*
*Heléne Meissenheimer*

RAAKGESIEN
**Jaco Botha nou by Hugenote Kollege**
*Kerkbode / 14 Augustus 2024 / Nuus*

BADISA
**Kom praat saam oor toekoms van bejaardesorg**
*Kerkbode / 14 Augustus 2024 / Flits*

BRIEF
**Wild, Woes en Wonderlik | Evangelie 'deur die sintuie ervaar' op Jacobsdal**
*Kerkbode / 8 Augustus 2024 / Briewe*

**Hoogtepunte uit Parys: Olimpiese ekstase en teleurstelling boei weer miljoene**
*Kerkbode / 8 Augustus 2024 / Artikels / Fanie Heyns*

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

NUUT

**GEMEENTE**GEBEURE

**Kalender** | Belangrike datums

**2024**

**ADVERTEER AANLYN** HIER
of stuur 'n e-pos aan skakel@ngkvs.co.za

www.ngkerkvrystaat.co.za

NUUT

VAKATURES

NG Kerk Vrystaat

skakel@ngkvs.co.za | **051 406 6700**

VAKATURES

kerkbode

woes@mweb.co.za | **023 342 6030**

AFLOS

NG Kerk

skakel@ngkvs.co.za | **051 406 6700**

# Predikantenuus | VRYSTAAT

**SINODESITTING**

Die NG Kerk in die Vrystaat gee hiermee kennis van 'n buitengewone sinodesitting wat gehou word op 3 Oktober 2024 te Kopano Nokeng Lodge in Bloemfontein.

# Opstaan

***Deur dr Leon M Foot,***
*Uitvoerende Amptenaar van Bedieningsbegeleiding en Skriba van die Moderamen*



**Foto:** *Dr Leon M Foot (verskaf)*

4 ***"U luister na my stem in die môre, Here, in die môre terwyl ek voor U verskyn en op U wag."***

Psalm 5:4 AFR83

Hoe begin jou dag? Hoe word jy wakker?

Sommige mense *word* wakker, ander *skrik* wakker. Sekere mense word self wakker en ander het 'n wekker nodig. Sommige het koffie nodig! Ek het vriende wat vieruur in die oggend al opstaan – ek weet, want dan stuur hulle vir my *WhatsApp*-boodskappe! En ek ken mense wat nie voor agt gepla moet word nie. En ek ken mense wat 'n hele dag lank kan slaap!

*"Maar wanneer hy opstaan, begin hy sy dag met God."*

Dawid skryf in Psalm 5 vers 4 oor sy opstaanroetine: Hy praat met God. *U luister na my stem in die môre, Here, in die môre terwyl ek voor U verskyn en op U wag.*

Ek aanvaar die son was sy wekker – of sy niere as dié hom vermaan in die nag. Maar wanneer hy opstaan, begin hy sy dag met God. Wat hulle gepraat het, weet ons nie. Dalk het hy soos Moses gevra: *Versadig ons in die oggend met u troue liefde, sodat ons al die dae van ons lewe kan juig en bly wees* (Ps 90:14). Dalk is dit die belydenis en versugting wat hy later in Psalm 143 uitspreek: *Laat my elke môre u liefde ondervind, want in u stel ek my vertroue. Wys my die pad wat ek moet loop, want my hoop is op U gevestig.*

Mag jy môre opstaan met 'n lied in die hart.

Dalk die lied van Psalm 5 soos TT Cloete dit berym:

*Gee, Here, aan my woorde aandag*
*Sodat U my versugting hoor;*
*Ek lê dit biddend aan U voor.*
*U antwoord bly ek soggens afwag,*
*God, in my onmag.*

**Lees hier »**



# KONTAK ONS

REDAKSIE

**SAMESTELLERS**

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Carlie Niehaus, **carlie@ngkvs.co.za**

**LUISTER-ARTIKELS**

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

# NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za

NG Kerk Vrystaat

Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

© 2024 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**

**NG KERK VRYSTAAT** | **© 2024**

Departement
KOMMUNIKASIE EN BEMARKING